Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**S Doolings**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
shannon.doolings@westerncape.gov.za | 021 467 2964

Lêerno.: 19/4/10/2
Verwysing: 20240118-912

Assesseringsbestuursminuut: 0003/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Aansoeke om betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat-, Junie 2025 se Nasionale Senior Sertifikaat- en Junie 2025 se Senior Sertifikaat-eksamen**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) het 'n mandaat om ingevolge die Personeeladministrasiemaatreëls, wat in *Staatskoerant* No. 46879 van 09 September 2022 gepubliseer is, asook enige ander bykomende kriteria soos deur die Hoof van Onderwys in die provinsie bepaal en goedgekeur, nasieners aan te stel.

2. Aansoeke word ingewag van opvoeders, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria (soos in **Bylae A** uiteengesit), voldoen vir die betrekkings as interne moderators, hoofnasieners, adjunkhoofnasieners, senior nasieners en nasieners vir November 2024 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-), Junie 2025 se NSS- en Junie 2025 se Senior Sertifikaat- (SS-) eksamen.

3. **Aansoek- en aanstellingsproses**

3.1 Suksesvolle aansoekers sal slegs vir die eksamentydperke vermeld, aangestel word. Alle nasieners wat dus in 2023 aangestel is en graag vir die 2024–2025-siklus in aanmerking wil kom, **moet weer in 2024 aansoek doen. 'n Nasiensiklus sluit die volgende nasientydperke in: November, hernasien vir November, Junie en hernasien vir Junie van die daaropvolgende jaar.**

3.2 Aansoekers kan die hulplêer aflaai deur die volgende skakel te gebruik: https://exams.westerncape.gov.za/markers/UserManual/Index.

3.3 **Voordat** aansoekers dit oorweeg om 'n formele aansoek in te dien om na te sien, moet hulle na **Bylae B** verwys, sowel as die **handleiding vir die nasien van die NSS-eksamen in November 2023** (by https://exams.westerncape.gov.za/markers/UserManual/Index beskikbaar) om hulself te vergewis van die rolle en verantwoordelikhede van 'n nasienamptenaar.

3.4 Toegang tot die aansoekplatform kan deur middel van die WKOD se webwerf verkry word by: https://wcedonline.westerncape.gov.za/vacancy-lists.

3.5 Aansoekers word versoek om aansoek te doen vir **al die vakvraestelle en betrekkings** waarvoor hulle in aanmerking kom (**Bylae A**). Byvoorbeeld, indien 'n aansoeker aansoek doen as adjunkhoofnasiener, moet hy/sy ook aansoek doen om die betrekking as senior nasiener **en** nasiener. Let daarop dat indien 'n aansoeker byvoorbeeld slegs aansoek doen om 'n betrekking as adjunkhoofnasiener, hy/sy **nie oorweeg sal word** vir die betrekking as senior nasiener of nasiener **nie**. Aansoekers sal dus slegs oorweeg word vir die betrekking/s waarvoor hulle aansoek doen. Dit is raadsaam dat aansoekers aansoek doen vir al die vakke en betrekkings waarvoor hulle kwalifiseer.

3.6 Die aanstellingsproses vir alle nasieners is as volg:

Stap 1 – Verifiëring van aansoeke wat aan al die kriteria voldoen, en op voorwaarde dat al die stawende dokumente opgelaai is.
Stap 2 – Verifiëring van ALLE stawende dokumente.
Stap 3 – Keuring van nasieners.
Stap 4 – Nominasie van nasieners.
Stap 5 – Verifiëring van genomineerde nasieners.
Stap 6 – Aanstelling van nasieners.

3.7 Senior nasienspanlede sal elke drie jaar beoordeel word en kan in die belang van opvolgbeplanning geroteer word nadat hulle drie nasiensiklusse voltooi het. Hierdie proses is ingefaseer om opwaartse mobiliteit en geleenthede vir nasieners te bevorder en om te alle tye stabiliteit in die nasienproses te verseker.

3.8 Voorkeur sal gegee word aan opvoeders wat **tans** voltyds graad 12-leerders by 'n skool **onderrig** (skoolgebaseer) of in 'n raadgewende hoedanigheid (kantoorgebaseer) ten opsigte van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) diens doen.

3.9 Aansoekers wat aansoek doen om Engels Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal na te sien, moet eers Vraestel 1 nasien, en dan óf Vraestel 2 óf 3 nasien. Aansoekers moet dus almal aansoek doen om Vraestel 1 na te sien, en dan aandui of hulle óf Vraestel 2 óf 3 wil nasien.

3.10 Aansoekers wat aansoek doen om Geskiedenis en Religiestudies na te sien, sal albei vakvraestelle moet nasien en moet daarom aansoeke indien om beide vraestelle na te sien.

3.11 Voor die aanvang van die nasienproses (verwys na **Bylae C**), sal daar van alle aangestelde nasieners verwag word om die **WKOD in kennis te stel** indien hul **status** as 'n opvoeder na **prinsipaal** of **waarnemende prinsipaal** verander het.

3.12 Voor die aanvang van die nasiensiklus, **moet** alle voornemende en/of aangestelde nasieners **die WKOD in kennis stel indien hulle nie meer in die Verdere Onderwys-en-Opleidingsfase (VOO-fase)** (graad 12) **werksaam is nie**, hetsy as 'n opvoeder of in 'n vakadviserende (kantoorgebaseerde) hoedanigheid.

3.13 Diegene wat ingevolge die minimum kriteria waarna in **Bylae A** verwys word **nie in aanmerking sal kom** vir nominasie **nie**, is opvoeders of vakadviseurs (kantoorgebaseer), wat gedurende die 2024-akademiese jaar **uit die VOO-fase** (graad 12) **sal tree**, asook **diegene wat afgetree is** of aan die einde van 2024 aftree.

4. Die volgende aansoekers **sal nie** as nasieners oorweeg word **nie**:

- Prinsipale en waarnemende prinsipale.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n kriminele rekord het of uit die diens van enige Suid-Afrikaanse staatsdepartement ontslaan is.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n vrywillige skeidingspakket aanvaar het.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat weens swak gesondheid afgetree het.
- Aansoekers wat 65 jaar oud is of wat voor of gedurende die maand wanneer die nasientydperk afgehandel is, 65 sal word of is.
- Opvoeders, distriksamptenare of amptenare van Hoofkantoor wat nie meer direk by die onderrig of advisering van 'n vak en/of leerders betrokke is nie.
- 'n Skoolgebaseerde opvoeder wat vir 50 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (dit is op alle soorte verlof van toepassing).
- 'n Kantoorgebaseerde opvoeder wat vir 20 of meer skooldae gedurende die huidige akademiese jaar afwesig was (jaarlikse verlofdae uitgesluit).
- 'n Opvoeder/amptenaar wat nie die bevoegdheidstoets, in gevalle waar dit vereis word, afgelê het nie.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat 'n familielid het wat November 2024 se NSS-eksamen, Junie 2025 se NSS- en Junie 2025 se SS-eksamens sal aflê en by die opvoeder/amptenaar woon, kwalifiseer nie vir aanstelling as hoofnasiener, adjunkhoofnasiener of interne moderator nie. Sodanige persoon mag egter aansoek doen om die betrekking as senior nasiener of nasiener.
- 'n Opvoeder, vakadviseur of senior kurrikulumbeplanner wat na 'n ander pos gesekondeer is en wat **nie tans** die vak voltyds **onderrig en/of in 'n adviserende hoedanigheid dien nie**.
- 'n Buitelandse opvoeder sonder enige van die dokumente wat volgens wet vereis word.
- 'n Persoon in enige ander betrekking as dié van 'n voltydse opvoeder.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat die eksamenregulasies oortree het en steeds die sanksies uitdien.
- 'n Opvoeder/amptenaar wat enige van die aanstellingsregulasies vir nasien gedurende die nasientydperk oortree het.

- 'n Opvoeder/amptenaar met 'n hangende tugsaak teen hom/haar.
- 'n Opvoeder, vakadviseur of senior kurrikulumbeplanner wat die nasienprotokolle of reëls oortree het.

5. **Vakke met 'n bevoegdheidstoets**

5.1 Die WKOD sal in 2024 bevoegdheidstoetse in die volgende vakke afneem:

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Verbruikerstudies
- Ekonomie
- Engels Huistaal
- Afrikaans Huistaal
- Xhosa Huistaal
- Geografie
- Geskiedenis
- Lewenswetenskappe
- Wiskunde
- Wiskundige Geletterdheid*
- Fisiese Wetenskappe

** Opvoeders wat nasienervaring van graad 12 het, en wat gedurende die nasientydperke van 2021 tot 2023 as 'n nasiener gedien het,* ***hoef nie*** *die bevoegdheidstoets in hierdie vak te skryf* ***nie****. Weens die kurrikulum- en formaatveranderinge aan Vraestelle 1 en 2 moet aansoekers wat die bevoegdheidstoets* ***voor 2021*** *afgelê het en* ***nie*** *tydens die nasientydperk van 2021 tot 2023* ***as nasiener diens gedoen het nie****, aansoek doen om die bevoegdheidstoets te herskryf.*

5.2 Slegs aansoekers wat 60% en meer in die bevoegdheidstoetse behaal, sal vir aanstelling as nasienamptenare oorweeg word. Die uitslae van die toetse sal slegs aan opvoeders beskikbaar gestel word en kan vir ontwikkeling gebruik word.

5.3 Aansoekers wat tussen 2021 en 2023 'n bevoegdheidstoets in die bogenoemde vakke afgelê het en 'n slaagsyfer van ten minste 60% behaal het, **hoef nie** in 2024 die bevoegdheidstoets in hierdie vakke **te herhaal nie,** op voorwaarde dat hulle gedurende die gespesifiseerde nasiensiklus van vyf jaar (2019 tot 2023), as nasieners in die betrokke vak opgetree het en die diens wat hulle as nasieners gelewer het, bevredigend was. Aansoekers wat egter hul uitslae wil verbeter, met inagneming van die afwyking vir Wiskundige Geletterdheid, word aangemoedig om die bevoegdheidstoetse weer af te lê en die inligting vir persoonlike groei aan te wend.

5.4 Alle moontlike pogings sal aangewend word om dit vir aansoekers moontlik te maak om die bevoegdheidstoets by 'n lokaal in die onderwysdistrik waar hulle woon, af te lê.

5.5 Die bevoegdheidstoets is gegrond op kennis van die inhoud van die NSS-vak in die KABV-kurrikulum en die toepaslike nasienvaardighede in daardie vak. In die geval van vakke wat uit twee vraestelle bestaan, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1 sowel as Vraestel 2 getoets word. In die geval van Tale, sal aansoekers oor die gekombineerde kurrikuluminhoud van Vraestel 1, Vraestel 2 en Vraestel 3 getoets word. Dit is verpligtend om die **volledige bevoegdheidstoets** (oor AL die vraestelle) af te lê.

5.6 Die beplande datums vir die aflê van die 2024-bevoegdheidstoetse is 07 tot 09 Mei 2024.

5.7 **Aansoekers moet die volgende skakel gebruik om vir die bevoegdheidstoets te registreer:** https://tinyurl.com/ummaxrt7.

5.8 Indien aansoekers nie registreer nie, sal hulle nie inligting oor die bevoegdheidstoetse ontvang nie. Enige aansoeker wat sonder die geldige registrasie vir die bevoegdheidstoets aanmeld, sal nie toegelaat word om die toets af te lê nie.

5.9 Die sluitingsdatum vir registrasie om bevoegdheidstoetse af te lê is **29 Maart 2024**.

6. **Belangrike datums vir aanlyn aansoeke as nasieners**

| Betrekking waarvoor aansoek gedoen word | Aansoeke open | Aansoeke sluit |
|---|---|---|
| **ALLE** betrekkings | 26 Februarie 2024 | 29 Maart 2024 |

7. 'n Ingevulde aansoek is geen waarborg vir 'n aanstelling as nasiener nie. Die aanstelling van 'n nasiener in enige nasienerspos word slegs bevestig wanneer 'n **FINALE aanstellingsbrief** wat deur die Hoof van Onderwys of sy aangewese amptenaar onderteken is, ontvang word. Die aanstelling van enige nasiener kan te eniger tyd beëindig word, soos in **Bylae A** uiteengesit.

8. Dit is volgens wet 'n voorvereiste dat alle aansoekers klaring (**Bylae D**) ondergaan. Die klaring sal deur 'n eksterne diensverskaffer gedoen word wat deur die WKOD aangestel is. Klaring verifieer 'n nasiener se besonderhede, wat onder andere kwalifikasies, registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders, burgerskap, huidige onderrigstatus, adres, ens., insluit.

9. Die nasien van die NSS-antwoordskrifte is een van die belangrikste aspekte van die eksamenproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Prinsipale en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus in goeder trou optree en sal verantwoordelik gehou word vir enige vals inligting wat gemagtig is.

10. Elke aansoeker sal aanspreeklik wees vir die korrektheid van alle inligting wat op die aanlyn stelsel vir nasieners ingevoer en opgelaai word.

11. Enige aansoeker wat nie 'n ingevulde en ondertekende verklaringsvorm indien nie, sal nie in aanmerking kom om as nasiener aangestel te word nie.

12. In die geval waar 'n fout van enige aard met die aanstelling van 'n nasiener begaan is, behou die WKOD die reg voor om enige nodige regstelling aan te bring.

13. Aangestelde hoofnasieners en interne moderators **MOET** die standaardiseringsvergaderings vir nasien **in persoon bywoon.** Die bywoning is in ooreenstemming met die Departement van Basiese Onderwys en WKOD se vereistes, en verteenwoordig opvoeders se sienings oor die gehalte van vraestelle.

14. Aangestelde senior nasienamptenare moet hulself vir die hernasien van eksamenskrifte beskikbaar stel.

15. Dit word in die vooruitsig gestel dat, indien prakties moontlik, die nasienproses in Desember 2024 (met 'n voorgestelde einddatum van 22 Desember 2024), geen interne skoolprosesse sal belemmer nie. Sodra nasieners aangestel is, word hulle verplig om vir die **volle duur** van die opleidings- en nasienproses van November 2024 se NSS-eksamen vir diens beskikbaar te wees. Dit word in die vooruitsig gestel dat nasieners vir Geskiedenis, Religiestudies en Engels Taal in die week van 02 tot 06 Desember 2024 sal begin nasien en nasieners vir die res van die vakke op 07 Desember 2024. Hierdie datums sal vooraf bevestig word om te verseker dat prinsipale hul einde-van-jaar-beplanningsprosesse betyds kan finaliseer.

16. Persone wat aangestel is om na te sien, sal onder geen omstandighede op die opleidings- of nasiendatums verskoon word nie. **Alle nasieners moet beskikbaar wees tot aan die einde van die nasientydperk** wanneer alle antwoordskrifte nagesien en gekontroleer is.

17. Slegs die Hoof van Onderwys mag die kriteria vir die aanstelling van nasieners verslap.

18. Die volgende bylaes word by hierdie minuut aangeheg:
    Bylae A – Kriteria vir die aanstelling van nasieners
    Bylae B – Instruksies om aanlyn aansoek te doen
    Bylae C –Verklaringsvorm deur nasiener (in Engels beskikbaar)
    Bylae D –Toestemmingsvorm ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (in Engels beskikbaar)
    Bylae E – Klaringsvorm (in Engels beskikbaar)

19. Kontak asseblief die volgende amptenare indien enige bystand verlang word:

| Distrik | Amptenaar | Kontakbesonderhede |
|---|---|---|
| Weskus<br>Metro-Suid | Shakirah Jacobs | Shakirah.Jacobs@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 828 3392 |
| Metro-Oos<br>Metro-Sentraal | Gladwyn Smith | Gladwyn.Smith@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 467 2980 |
| Overberg<br>Eden en Sentraal-Karoo | Gerrit Jafta | Gerit.Jafta@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 467 2988 |
| Metro-Noord<br>Kaapse Wynland | Sinovuyo Manqunyana | Sinovuyo.Manqunyana@westerncape.gov.za<br>Tel.: 021 828 3391 |

20. Prinsipale, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders te bring sodat hulle hul kan vergewis van die aansoekproses en aanstellingskriteria wat gevolg moet word om in aanmerking te kom om tydens November 2024 se NSS-eksamen, Junie 2025 se NSS- en Junie 2025 se SS-eksamens, as nasieners op te tree. **Die Direktoraat: Assesseringsbestuur kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien opvoeders nie in kennis gestel word van die inhoud van hierdie minuut nie, of as hulle nie alle nodige dokumentasie indien nie.**

21. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning in hierdie belangrike saak.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2024-02-15